NOTULE VAN 'N VERGADERING VAN PORTEFEULJEKOMITEES VAN DIE SWARTLAND MUNISIPALE RAAD, GEHOU IN DIE MALMESBURY BANKETSAAL OP WOENSDAG, 1 FEBRUARIE 2017 OM 10:00

- MUNISIPALE BESTUURS- EN FINANSIESKOMITEE -

TEENWOORDIG:

RAADSLEDE:

Voorsitter, rdl M van Zyl
Ondervoorsitter, rdl M A Rangasamy

Daniels, C	Papers, C H
De Beer, J M	Stemele, O M
Fortuin, C B	Van der Westhuizen, R F
Goliath, M S I	Zatu, N S

BEAMPTES:

Munisipale Bestuurder, mnr J J Scholtz
Direkteur: Beskermingsdienste, mnr P A C Humphreys
Direkteur: Elektriese Ingenieursdienste, mnr R du Toit
Direkteur: Finansiële Dienste, mnr M A C Bolton
Direkteur: Korporatiewe Dienste, me M S Terblanche
Direkteur: Ontwikkelingsdienste, mnr J T Steenkamp
Direkteur: Siviele Ingenieursdienste, mnr A J Botha
Komiteebeampte, me S A Kulsen

1. OPENING/VERLOF TOT AFWESIGHEID

Rdl M A Rangasamy open die vergadering met gebed op versoek van die voorsitter.

Verlof tot afwesigheid word toegestaan aan die Uitvoerende Burgemeester, rdh T van Essen en rdle L E Mfutwana en F S Humphreys.

2. NOTULES

2.1 NOTULE VAN 'N PORTEFEULJEKOMITEEVERGADERING (MUNISIPALE BESTUUR EN FINANSIES) GEHOU OP 7 DESEMBER 2016

BESLUIT
(op voorstel van rdv M S I Goliath, gesekondeer deur rdl N S Zatu)

Dat die notule van die Portefeuljekomiteevergadering (Munisipale Bestuur en Finansies) gehou op 7 Desember 2016 as korrek bekragtig word onderhewig aan die regstelling tot Item 1: Rdl N S Zatu sluit by die vergadering aan om 10:02.

3. AFVAARDIGINGS/VOORLEGGINGS/MEDEDELINGS

Geen

4. SAKE VOORTSPRUITEND UIT DIE NOTULES

Geen

5./Gedelegeerde...

5. GEDELEGEERDE SAKE M.B.T. MUNISIPALE BESTUURDER

Geen

6. SAKE VIR AANBEVELINGS AAN DIE UITVOERENDE BURGEMEESTER

Geen

7. GEDELEGEERDE SAKE M.B.T. FINANSIES

7.1 KWARTAALVERSLAG: OKTOBER – DESEMBER 2016

7.1.1 FINANSIËLE DIENSTE (7/1/2/2-2) (5/7/1/1)

Die Direkteur: Finansiele Dienste, mnr M A C Bolton, noem dat die beleggings van die munisipaliteit gegroei het wat 'n aandui dat Swartland Munisipaliteit is finansieël stabiel.

Die Direkteur: Finansiële Dienste noem – op navraag van rdl N S Zatu – dat i.t.v. gedeelte 11 van die MFMA (*"Municipal Finance Management Act"*) berus die finansiële verantwoordelikheid van die munisipaliteit by die rekenpligtige beampte, nl. die Munisipale Bestuurder, en die Hoof Finansiële Beampte.

BESLUIT
(op voorstel van rdl M A Rangasamy, gesekondeer deur rdl C B Fortuin)

Dat kennis geneem word van die kwartaalverslag van die Direktoraat Finansiële Dienste vir die tydperk Oktober – Desember 2016.

8. SAKE VIR AANBEVELINGS AAN DIE UITVOERENDE BURGEMEESTER

Geen

(GET) M VAN ZYL
VOORSITTER

- SIVIELE EN ELEKTRIESE DIENSTE -

TEENWOORDIG:

RAADSLEDE:

Voorsitter, rdl R F van der Westhuizen
Ondervoorsitter, rdl O M Stemele

Bess, D G
Goliath, M S I
Maart, E S M
McQuire, V D
Papers, C H
Penxa, B J
Smit, N
Solomons, P E
Stanley, B J

BEAMPTES:

Munisipale Bestuurder, mnr J J Scholtz
Direkteur: Beskermingsdienste, mnr P A C Humphreys
Direkteur: Elektriese Ingenieursdienste, mnr R du Toit
Direkteur: Finansiële Dienste, mnr M A C Bolton
Direkteur: Korporatiewe Dienste, me M S Terblanche
Direkteur: Ontwikkelingsdienste, mnr J T Steenkamp
Direkteur: Siviele Ingenieursdienste, mnr A J Botha
Komiteebeampte, me S A Kulsen

1. OPENING/VERLOF TOT AFWESIGHEID

Die vergadering neem om 10:15 ’n aanvang.

Verlof tot afwesigheid word toegestaan aan die Uitvoerende Burgemeester, rdh T van Essen en rdle L E Mfutwana en A M Sneewe.

2. NOTULES

2.1 NOTULE VAN ’N PORTEFEULJEKOMITEEVERGADERING (SIVIEL- EN ELEKTRIESE DIENSTE) GEHOU OP 7 DESEMBER 2016

BESLUIT
(op voorstel van rdl E S M Maart, gesekondeer deur rdl O M Stemele)

Dat die notule van die Portefeuljekomiteevergadering (Siviele en Elektriese Dienste) gehou op 7 Desember 2016 as korrek bekragtig.

3. VOORLEGGINGS/AFVAARDIGINGS/MEDEDELINGS

Geen

4. SAKE VOORTSPRUITEND UIT DIE NOTULES

Geen

5. GEDELEGEERDE SAKE

5.1 MAANDVERSLAE: NOVEMBER – DESEMBER 2016

5.1.1 SIVIELE INGENIEURSDIENSTE (7/1/2/2-4)

Die voorsitter lê die maandverslag ter tafel.

Die Direkteur: Siviele Ingenieursdienste noem dat die inwoners van Swartland Munisipaliteit daarin slaag om water te bespaar, en versoek dat verdere besparings aangemoedig word.

5.1.1/Die...

Die Munisipale Bestuurder noem – op navraag van rdl B J Stanley – die volgende:

a) Almal moet water bespaar en daar moet nie onderskeid getref word deur inwoners wie maandeliks betaal en inwoners wie 'n deernissubsidie ontvang nie. Die huidige watervlakke van die damme is 'n groot kommer en wetstoepassers en loodgieters is getaak om vas te stel waar watervermorsing plaasvind. Die gemeenskap moet versoek word om mekaar aan te spreek indien hul die vermorsing van water aanskou;

b) Die Direkteur: Siviele Ingenieursdienste sal die probleem by Goedgegund met die "Housing Development Agency" (HDA) bespreek, aangesien Swartland Munisipaliteit die inwoners alreeds versoek het om nie drinkbare water te misbruik nie;

c) Die groentetuine, 'n projek wat deur die provinsiale regering gedryf word, kan nie met drinkwater natgelei word nie. Daar word versoek dat hierdie inwoners van ander bronne van water gebruik moet maak.

Die Munisipale Bestuurder noem – op navraag van rdl B J Penxa – dat indien provinsiale departemente of ander instansies watertenke beskikbaar maak aan inwoners, sal dit waardeer word. Swartland Munisipaliteit kan nie watertenke aan inwoners beskikbaar stel nie.

Die Direkteur: Siviele Ingenieursdienste verlaat die vergadering om 10:36.

5.1.2 ELEKTRIESE INGENIEURSDIENSTE (7/1/2/2-6)

Die voorsitter lê die maandverslag ter tafel.

Die Direkteur: Elektriese Ingenieursdienste, mnr R du Toit, noem dat die Swartland Munisipaliteit nie enige jurisdiksie het om enige foute in areas waar Eskom die verskaffer is, reg te maak nie. Eskom het wel aangedui dat indien nuwe behuising areas in hul jurisdiksie plaasvind, is die munisipaliteit verantwoordelik vir die aanleg van straatligte.

Die Direkteur: Elektriese Ingenieursdienste noem – op navraag van rdl B J Stanley – dat die penalisering wat by inwoners gehef word, a.g.v. glyskale in elektriese tariewe is, asook peutering. Die glyskale is in opdrag van die nasionale regering geïmplementeer.

Die Munisipale Bestuurder noem – op navraag van rdl B J Penxa – dat die vendorpunte in Ilinge Lethu / Saamstaan-omgewing onderhewing is aan die voldoening aan die korrekte sonering en terugvoering in hierdie verband sal aan die raadslid deurgegee word.

BESLUIT
(op voorstel van rdl O M Stemele, gesekondeer deur rdl P E Solomons)

Dat kennis geneem word van die maandverslae van onderskeidelik die Direktoraat Siviele Ingenieursdienste en die Direktoraat Elektriese Ingenieursdienste vir die tydperk November – Desember 2016.

6. SAKE VIR AANBEVELINGS AAN DIE UITVOERENDE BURGEMEESTER

Geen

(GET) R F VAN DER WESTHUIZEN
VOORSITTER

- ADMINISTRASIE, ONTWIKKELING- EN BESKERMINGSDIENSTE -

TEENWOORDIG:

RAADSLEDE:

Voorsitter, rdl P E Solomons
Ondervoorsitter, rdl M van Zyl

Bess, D G	Goliath, M S I
Bekebu, Z	Maart, E S M
Daniels, C	McQuire, N
De Beer, J M	Philander, D B
Fortuin, C B	Smit, N

BEAMPTES:

Munisipale Bestuurder, mnr J J Scholtz
Direkteur: Beskermingsdienste, mnr P A C Humphreys
Direkteur: Elektriese Ingenieursdienste, mnr R du Toit
Direkteur: Finansiële Dienste, mnr M A C Bolton
Direkteur: Korporatiewe Dienste, me M S Terblanche
Direkteur: Ontwikkelingsdienste, mnr J T Steenkamp
Komiteebeampte, me S A Kulsen

1. OPENING/VERLOF TOT AFWESIGHEID

Die vergadering neem om 11:05 ’n aanvang.

Verlof tot afwesigheid word toegestaan aan die Uitvoerende Burgemeester, rdh T van Essen en rdl L E Mfutwana.

2. NOTULES

2.1 NOTULE VAN ’N PORTEFEULJEKOMITEEVERGADERING (ADMINISTRASIE, ONTWIKKELING- EN BESKERMINGSDIENSTE) GEHOU OP 7 DESEMBER 2016

BESLUIT
(op voorstel van rdl M van Zyl, gesekondeer deur rdl C B Fortuin)

Dat die notule van die Portefeuljekomiteevergadering (Administrasie, Ontwikkeling- en Beskermingsdienste) gehou op 7 Desember 2016 as korrek bekragtig word.

3. VOORLEGGINGS/AFVAARDIGINGS/MEDEDELINGS

3.1 SKRYWES VAN DANK EN WAARDERING AAN MUNISIPALITEIT SWARTLAND

BESLUIT dat kennis geneem word van die skrywes van dank en waardering aan die Munisipaliteit Swartland soos met die sakelys gesirkuleer.

4. SAKE VOORTSPRUITEND UIT DIE NOTULES

Geen

5. GEDELEGEERDE SAKE M.B.T. ADMINISTRASIE

Geen

6. SAKE VIR AANBEVELINGS AAN DIE UITVOERENDE BURGEMEESTER

Geen

6/...

7. GEDELEGEERDE SAKE M.B.T. ONTWIKKELINGSDIENSTE

7.1 MAANDVERSLAE: NOVEMBER – DESEMBER 2016

7.1.1 ONTWIKKELINGSDIENSTE

Die voorsitter lê die maandverslae ter tafel.

Die Direkteur: Ontwikkelingsdienste, mnr J T Steenkamp, noem – op navraag van rdl D B Philander – dat die statistieke nagegaan sal word om die areas aan te dui waar die meeste groei, t.o.v. nuwe huise en aanbouiings, plaasgevind het.

Die Direkteur: Ontwikkelingsdienste noem – op navraag van rdl V D McQuire –dat inwoners word nie verhoed om hul swembaddens te vul nie, aangesien vlak 2-waterbeperkings in die Swartland geïmplementeer is. In die geval waar nuwe swembaddens aangebou word, is dit 'n voorwaarde dat die swembad bedek moet word.

BESLUIT
(op voorstel van rdl N S Smit, gesekondeer deur rdl D G Bess)

Dat kennis geneem word van die maandverslae van die Direktoraat Ontwikkelingsdienste vir die tydperk November – Desember 2016.

8. VERSLAGDOENING INSAKE GEDELEGEERDE BESLUITNEMING DEUR DIE MUNISIPALE BEPLANNINGSTRIBUNAAL

Geen

9. SAKE VIR AANBEVELINGS AAN DIE UITVOERENDE BURGEMEESTER

Geen

10. GEDELEGEERDE SAKE M.B.T. BESKERMINGSDIENSTE

10.1 MAANDVERSLAE: NOVEMBER – DESEMBER 2016

10.1.1 VERKEERS- EN WETSTOEPASSINGSDIENS

10.1.2 BRANDBESTRYDING

Die voorsitter lê die onderskeie maandverslae ter tafel.

Die Direkteur: Beskermingsdienste, mnr P A C Humphreys, noem dat rondloperdiere steeds 'n probleem in die Swartland is en dit word gereeld aan die Dierebeskermingsvereniging (DBV) gerapporteer.

Swartland Munisipaliteit besit nie 'n diereskut nie en maak gebruik van die Stad Kaapstad se skut in Atlantis. Die kostes t.o.v. die vervoer van die diere is baie hoog.

Die Direkteur: Beskermingsdienste noem – op navraag van rdl D B Philander – dat t.o.v. rampbestuur is daar wel watertenke beskikbaar in tye van nood / rampe in die Swartland Munisipale area.

BESLUIT
(op voorstel van rdl M van Zyl, gesekondeer deur E S M Maart)

Dat kennis geneem word van die maandverslae van onderskeidelik die Direktoraat Beskermingsdienste, Verkeer- en Wetstoepassingsdiens asook die Brandbestrydingsafdeling vir die tydperk November – Desember 2016.

11. SAKE VIR AANBEVELING AAN DIE UITVOERENDE BURGEMEESTER

Geen

(GET) P E SOLOMONS
VOORSITTER